Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 582 **Cape Town, Kaapstad,** **18 December 2013** **No. 37170**

THE PRESIDENCY

No. 1019 18 December 2013

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 30 of 2013: National Environmental Management Laws Second Amendment Act, 2013

DIE PRESIDENSIE

No. 1019 18 Desember 2013

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No 30 van 2013: Tweede Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuurswette, 2013

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 14 December 2013)

ACT

To amend the National Environmental Management Act, 1998, so as to amend certain definitions; to adjust the timeframes for the preparation of environmental implementation plans and environmental management plans; to provide for the process and procedure for submitting environment outlook reports; to promote or facilitate the mainstreaming of integrated, environmentally sustainable and sound management considerations into business processes, practices, technology and decision-making across the economy; to enable, as appropriate, the use of spatial tools, norms and standards and environmental management instruments in decision-making as an alternative to environmental authorisation procedures; to empower the Minister to restrict or prohibit development in specified geographical areas; to empower the Minister or MEC to develop norms and standards for activities, sectors and geographical areas; to clarify when the Minister is the competent authority; to identify the Minister as the competent authority where the MEC is usually the competent authority and a Cabinet decision stipulates that the Minister must be the competent authority for activities related to a matter declared as a national priority or matters related to such national priority; to empower the Minister to take a decision in the place of the MEC under certain circumstances; to allow for the transfer of rights and obligations relating to an environmental authorisation; to provide legal clarity on the applicability of section 24G to the unlawful commencement, undertaking or conducting of a waste management activity under the National Environmental Management: Waste Act, 2008; to provide legal clarity on the options available to the competent authority in processing a section 24G application, to increase the administrative fine and to provide for criminal investigation and prosecution in certain circumstances; to further provide for exemptions under certain circumstances and to clarify that there will be no exemptions provided from obtaining an environmental authorisation; to provide for the consideration of adopted environmental management instruments when considering an environmental authorisation application; to provide for emergency situations and to distinguish between an "incident" and an "emergency situation"; to provide for the power and the circumstances under which an environmental management inspector may, without a warrant, seize any mechanism of transport; to insert provisions to regulate products which have a detrimental effect on the environment; to provide for all regulations to be tabled in Parliament before promulgation; to add provisions regarding the delivery of documents; to consolidate all offences and penalties under the Act; and to correct

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 14 Desember 2013)

WET

Tot wysiging van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, ten einde sekere omskrywings te wysig; die tydsbestek vir die voorbereiding van omgewingsimplementeringsplanne en omgewingsbestuursplanne aan te pas; voorsiening te maak vir die proses en prosedure vir die voorlegging van omgewingsvooruitsigverslae; die hoofstroomplasing van geïntegreerde, omgewingsvolhoubare en gesonde bestuursoorwegings in sakeprosesse, -praktyke, -tegnologie en besluitneming regoor die ekonomie te bevorder of te vergemaklik; waar gepas, die gebruik van ruimtelike hulpmiddels, norme en standaarde en omgewingsbestuursinstrumente in besluitneming as 'n alternatief vir omgewingsmagtigingsprosedures moontlik te maak; die Minister te magtig om ontwikkeling in bepaalde geografiese gebiede te beperk of te verbied; die Minister of LUR te magtig om norme en standaarde vir aktiwiteite, sektore, en geografiese gebiede te ontwikkel; om duidelik te maak wanneer die Minister die bevoegde owerheid is; die Minister as die bevoegde owerheid te identifiseer waar die LUR gewoonlik die bevoegde owerheid is en 'n Kabinetsbesluit bepaal dat die Minister die bevoegde owerheid moet wees vir aktiwiteite wat verband hou met 'n aangeleentheid wat tot 'n nasionale prioriteit verklaar is of aangeleenthede wat op sodanige nasionale prioriteit betrekking het; die Minister te magtig om onder sekere omstandighede in die LUR se plek 'n besluit te neem; voorsiening te maak vir die oordrag van regte en verpligtinge in verband met 'n omgewingsmagtiging; regsekerheid te voorsien oor die toepaslikheid van artikel 24G op die onwettige aanvang, onderneming of uitvoer van 'n afvalbestuursaktiwiteit kragtens die "National Environmental Management: Waste Act, 2008"; regsekerheid te voorsien oor die opsies beskikbaar aan die bevoegde owerheid by die verwerking van 'n artikel 24G-aansoek, en om die administratiewe boete te verhoog en om voorsiening te maak vir strafregtelike ondersoek en vervolging onder sekere omstandighede; voorts voorsiening te maak vir vrystellings onder sekere omstandighede en om duidelik te stel dat geen vrystellings van die verkryging van 'n omgewingsmagtiging verstrek sal word nie; voorsiening te maak vir die oorweging van goedgekeurde omgewingsbestuursinstrumente wanneer 'n omgewingsmagtigingsaansoek oorweeg word; voorsiening te maak vir noodtoestande en tussen 'n "voorval" en 'n "noodtoestand" onderskeid te tref; voorsiening te maak vir die bevoegdheid en omstandighede waaronder 'n omgewingsbestuursinspekteur sonder 'n lasbrief op enige vervoermeganisme kan beslag lê; bepalings in te voeg om produkte te reguleer wat 'n nadelige uitwerking op die omgewing het; te bepaal dat alle regulasies voor uitvaardiging in die Parlement ter tafel gelê moet word; bepalings by te voeg betreffende die lewering van stukke; alle misdrywe en strawwe kragtens die Wet tekonsolideer; en bepaalde

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

or delete certain obsolete provisions; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 107 of 1998, as amended by section 1 of Act 56 of 2002, section 1 of Act 46 of 2003, section 1 of Act 8 of 2004, section 60 of Act 39 of 2004, section 3 of Act 44 of 2008, section 1 of Act 62 of 2008 and section 4 of Act 14 of 2009

1. Section 1 of the National Environmental Management Act, 1998 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the substitution for the definition of ''activities'' of the following definition:

'' **'activities'**, when used in Chapter 5, means policies, programmes, processes, plans and projects identified in terms of section 24(2)*(a)* and *(b)*;'';

(b) by the substitution for the definition of ''commence'' of the following definition:

'' **'commence'**, when used in Chapter 5, means the start of any physical implementation in furtherance of a listed activity or specified activity, including site preparation and any other **[activity]** action on the site **[in furtherance of a listed activity or specified activity]** or the physical implementation of a plan, policy, programme or process, but does not include any **[activity]** action required for the purposes of an investigation or feasibility study as long as such investigation or feasibility study does not constitute a listed activity or specified activity;'';

(c) by the substitution for the definition of ''Department'' of the following definition:

'' **'Department'** means the Department **[of Environmental Affairs and Tourism]** responsible for environmental affairs;'';

(d) by the substitution for the definition of ''Director-General'' of the following definition:

'' **'Director-General'** means the Director-General of **[Environmental Affairs and Tourism]** the Department;'';

(e) by the substitution for the definition of ''environmental assessment practitioner'' of the following definition:

'' **'environmental assessment practitioner'**, when used in Chapter 5, means the individual responsible for the planning, management **[and]**, coordination or review of environmental impact assessments, strategic environmental assessments, environmental management **[plans]** programmes or any other appropriate environmental instruments introduced through regulations;''; and

(f) by the substitution for the definition of ''specific environmental management Act'' of the following definition:

'' **'specific environmental management Act'** means—

(a) the Environment Conservation Act, 1989 (Act No. 73 of 1989);
(b) the National Water Act, 1998 (Act No. 36 of 1998);
(c) the National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003 (Act No. 57 of 2003);
(d) the National Environmental Management: Biodiversity Act, 2004 (Act No. 10 of 2004); **[or]**
(e) the National Environmental Management: Air Quality Act, 2004 (Act No. 39 of 2004);
(f) the National Environmental Management: Integrated Coastal Management Act, 2008 (Act No. 24 of 2008);
(g) the National Environmental Management: Waste Act, 2008 (Act No. 59 of 2008); or

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

uitgediende bepalings te verbeter of te skrap; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 107 van 1998, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 56 van 2002, artikel 1 van Wet 46 van 2003, artikel 1 van Wet 8 van 2004, artikel 60 van Wet 39 van 2004, artikel 3 van Wet 44 van 2008, artikel 1 van Wet 62 van 2008 en artikel 4 van Wet 14 van 2009

1. Artikel 1 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(a) deur die omskrywing van ''aanvang'' deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'aanvang'**, wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, die begin van enige fisiese implementering ter bevordering van 'n gelyste aktiwiteit of gespesifiseerde aktiwiteit, met inbegrip van die voorbereiding van die terrein en enige ander **[aktiwiteit]** handeling op die terrein **[ter bevordering van 'n gelyste aktiwiteit of gespesifiseerde aktiwiteit]** of die fisiese implementering van 'n plan, beleid, program of proses, maar uitgesonderd enige **[aktiwiteit]** handeling vereis vir doeleindes van 'n ondersoek of uitvoerbaarheidstudie solank sodanige ondersoek of uitvoerbaarheidstudie nie 'n gelyste aktiwiteit of gespesifiseerde aktiwiteit uitmaak nie;'';

(b) deur die omskrywing van ''aktiwiteite'' deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'aktiwiteite'** wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, beleid, programme, prosesse, planne en projekte ingevolge artikel 24(2)*(a)* en *(b)* geïdentifiseer;'';

(c) deur die omskrywing van ''Departement'' deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'Departement'** die Departement **[van Omgewingsake en Toerisme]** verantwoordelik vir omgewingsake;'';

(d) deur die omskrywing van ''Direkteur-generaal'' deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'Direkteur-generaal'** die Direkteur-generaal van **[Omgewingsake en Toerisme]** die Departement;'';

(e) deur die omskrywing van ''omgewingsinvloedbepalingspraktisyn'' deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'omgewingsinvloedbepalingspraktisyn'**, wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, die individu verantwoordelik vir die beplanning, bestuur **[en]**, koördinering of oorsig van omgewingsinvloedbepalings, strategiese omgewingsbepalings, **[omgewingsbestuursplanne]** omgewingsbestuursprogramme of enige ander toepaslike omgewingsinstrumente wat deur regulasies ingevoer word;''; en

(f) deur die omskrywing van ''spesifieke omgewingsbestuurswet'' deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'spesifieke omgewingsbestuurswet'**—

(a) die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet No. 73 van 1989);

(b) die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998);

(c) die 'National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003' (Wet No. 57 van 2003);

(d) die 'National Environmental Management: Biodiversity Act, 2004' (Wet No. 10 van 2004); **[of]**

(e) die 'National Environmental Management: Air Quality Act, 2004' (Wet No. 39 van 2004);

(f) die 'National Environmental Management: Integrated Coastal Management Act, 2008' (Wet No. 24 van 2008);

(g) die 'National Environmental Management: Waste Act, 2008' (Wet No. 59 van 2008); of

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(h) the World Heritage Convention Act, 1999 (Act No. 49 of 1999),
and includes any regulation or other subordinate legislation made in terms of any of those Acts;''.

Amendment of section 11 of Act 107 of 1998, as amended by section 7 of Act 14 of 2009

2. Section 11 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections, respectively:

''(1) Every national department listed in Schedule 1 as exercising functions which may affect the environment and every **[province]** provincial department responsible for environmental affairs must prepare an environmental implementation plan within **[one year of the promulgation]** five years of the coming into operation of this Act, and at **[least every four]** intervals of not more than five years thereafter.

(2) Every national department listed in Schedule 2 as exercising functions involving the management of the environment must prepare an environmental management plan within **[one year of the promulgation]** five years of the coming into operation of this Act, and at **[least every four]** intervals of not more than five years thereafter.''.

Insertion of section 16A in Act 107 of 1998

3. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 16:

''**Environment outlook report**

16A. (1) The Minister must within four years of the coming into operation of the National Environmental Management Laws Second Amendment Act, 2013, prepare and publish a national environment outlook report for the Republic and at intervals of not more than four years thereafter.

(2) An MEC must—

(a) prepare and publish a provincial environment outlook report which must contain the information determined by the Minister in terms of subsection (4); and

(b) within four years of the coming into operation of the National Environmental Management Laws Second Amendment Act, 2013, submit the report to the Minister and at intervals of not more than four years thereafter.

(3) A metropolitan or a district municipality may prepare and publish a municipal environment outlook report which must—

(a) contain the information determined by the Minister in terms of subsection (4); and

(b) be submitted to the Minister and MEC within four years of the coming into operation of the National Environmental Management Laws Second Amendment Act, 2013 and at intervals of not more than four years thereafter.

(4) The Minister must, for the purposes of the environment outlook reports contemplated in subsection (2) and (3), by notice in the *Gazette*, determine—

(a) the procedure for compiling the report;

(b) the format; and

(c) the content of the report.

(5) The Minister must prescribe the process for the submission, evaluation and adoption of the environment outlook report.

(6) The relevant organs of state must co-operate with the Minister or MEC by furnishing the Minister or MEC with information required for inclusion in a national or a provincial environment outlook report.

(7) The Minister may, at the request of a province, assist with the preparation of a provincial environment outlook report.

(8) The MEC may, at the request of a municipality, assist with the preparation of a municipality's environment outlook report.''.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(h) die Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999 (Wet No. 49 van 1999),

en sluit alle regulasies of ander ondergeskikte wetgewing uitgevaardig kragtens enige van daardie Wette in.''.

Wysiging van artikel 11 van Wet 107 van 1998, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 14 van 2009

2. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1) en (2) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

''(1) Elke nasionale departement wat in Bylae 1 gelys is wat werksaamhede verrig wat die omgewing kan raak, en elke **[provinsie]** provinsiale departement verantwoordelik vir omgewingsake, moet 'n omgewingsimplementeringsplan voorberei binne **[een jaar]** vyf jaar na die **[afkondiging]** inwerkingtreding van hierdie Wet en **[minstens elke vier jaar]** daarna met tussenposes van hoogstens vyf jaar.

(2) Elke nasionale departement wat in Bylae 2 gelys is wat werksaamhede verrig wat die bestuur van die omgewing raak, moet 'n omgewingsbestuursplan voorberei binne **[een jaar]** vyf jaar na die **[afkondiging van hierdie Wet]** inwerkingtreding van hierdie Wet, en **[minstens elke vier jaar]** daarna met tussenposes van hoogstens vyf jaar.''.

Invoeging van artikel 16A in Wet 107 van 1998

3. Die volgende artikel word hierby na artikel 16 in die Hoofwet ingevoeg:

''**Omgewingsvooruitsigverslag**

16A. (1) Die Minister moet binne vier jaar na die inwerkingtreding van die Tweede Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuurswette, 2013, 'n nasionale omgewingsvooruitsigverslag vir die Republiek voorberei en publiseer en daarna met tussenposes van hoogstens vier jaar.

(2) 'n LUR moet—

(a) 'n provinsiale omgewingsvooruitsigverslag voorberei en publiseer wat die inligting moet bevat soos ingevolge subartikel (4) deur die Minister bepaal; en

(b) die verslag binne vier jaar na die inwerkingtreding van die Tweede Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuurswette, 2013, aan die Minister voorlê en daarna met tussenposes van hoogstens vier jaar.

(3) 'n Metropolitaanse of distriksmunisipaliteit kan munisipale omgewingsvooruitsigverslae voorberei en publiseer wat—

(a) die inligting ingevolge subartikel (4) deur die Minister bepaal, moet bevat; en

(b) binne vier jaar na die inwerkingtreding van die Tweede Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuurswette, 2013, en daarna met tussenposes van hoogstens vier jaar aan die Minister en LUR voorgelê moet word.

(4) Die Minister moet, vir die doeleindes van die omgewingsvooruitsigverslae in subartikel (2) en (3) bedoel, by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

(a) die prosedure vir die opstel van die verslag bepaal;

(b) die formaat bepaal; en

(c) die inhoud van die verslag bepaal,

(5) Die Minister moet die prosedure vir die voorlegging, evaluasie en goedkeuring van die omgewingsvooruitsigverslag voorskryf.

(6) Die toepaslike staatsorgane moet met die Minister of LUR saamwerk deur inligting aan die Minister of LUR te verstrek wat in 'n nasionale of provinsiale omgewingsvooruitsigverslag ingesluit moet word.

(7) Die Minister kan, op versoek van 'n provinsie, bystand verleen in die voorbereiding van die provinsiale omgewingsvooruitsigverslag.

(8) Die LUR kan, op versoek van 'n munisipaliteit, bystand verleen in die voorbereiding van die munisipaliteit se omgewingsvooruitsigverslag.''.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Insertion of section 23A in Act 107 of 1998

4. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 23:

"**Mainstreaming environmental management**

23A. (1) The Minister may, with a view to promote or facilitate integrated, environmentally sustainable and sound management, provide for—

(a) the guidelines on the development, content and use of voluntary organisation or sector based instruments; and

(b) the circumstances under which such instruments may be submitted to and considered by the Minister.

(2) Such instruments must, at least—

(a) integrate environmental considerations into decision-making;

(b) provide for the implementation of best environmental practice;

(c) promote the progressive adoption of environmentally sound technology; or

(d) promote sustainable consumption and production, including, where appropriate, eco-endorsement or labelling.

(3) In his or her consideration of such instruments, the Minister may—

(a) as appropriate, engage with the organisation or sector concerned, as the case may be, on the content and use of its instrument if the organisation or sector concerned, as the case may be, requires the Minister to endorse or approve such instrument; or

(b) endorse or approve such instrument.".

Amendment of section 24 of Act 107 of 1998, as substituted by section 2 of Act 62 of 2008

5. Section 24 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (2) for paragraphs *(b)*, *(c)* and *(d)* of the following paragraphs, respectively:

"*(b)* geographical areas based on environmental attributes, and as specified in spatial development tools adopted in the prescribed manner by the **[environmental authority]** Minister or an MEC, with the concurrence of the Minister, in which specified activities may not commence without an environmental authorisation **[by]** from the competent authority;

(c) geographical areas based on environmental attributes, and specified in spatial **[development]** tools or environmental management instruments, adopted in the prescribed manner by the **[environmental authority]** Minister or an MEC, with the concurrence of the Minister, in which specified activities may be excluded from the requirement to obtain an environmental authorisation from the competent authority; **[or]**

(d) activities contemplated in paragraphs *(a)* and *(b)* that may **[commence without]** be excluded from the requirement to obtain an environmental authorisation from the competent authority, but that must comply with prescribed norms or standards**[:]**; or";

(b) by the addition to subsection (2) of the following subparagraph:

"*(e)* activities contemplated in paragraphs *(a)* and *(b)* that, based on an environmental management instrument adopted in the prescribed manner by the Minister or an MEC, with the concurrence of the Minister, may be excluded from the requirement to obtain an environmental authorisation from the competent authority:";

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Invoeging van artikel 23A in Wet 107 van 1998

4. Die volgende artikel word hierby na artikel 23 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Hoofstroomplasing van omgewingsbestuur**

23A. (1) Die Minister kan, met die oog daarop om geïntegreerde, omgewingsvolhoubare en gesonde bestuur te bevorder of te vergemaklik, voorsiening maak vir—

(a) die riglyne oor ontwikkeling, inhoud en gebruik van vrywillige organisasie of sektorgebaseerde instrumente; en

(b) die omstandighede waaronder sulke instrumente aan die Minister voorgelê en deur hom of haar oorweeg kan word.

(2) Sodanige instrumente moet ten minste—

(a) omgewingsoorwegings met besluitneming integreer;

(b) voorsiening maak vir die inwerkingstelling van beste omgewingspraktyke;

(c) die progressiewe goedkeuring van omgewingsgesonde tegnologie bevorder; of

(d) volhoubare verbruik en vervaardiging bevorder, met inbegrip van, waar gepas, eko-onderskrywing of etikettering.

(3) In sy of haar oorweging van sodanige instrumente, kan die Minister—

(a) soos gepas, die betrokke organisasie of sektor, na gelang van die geval, betrek oor die inhoud en gebruik van sy instrument indien die betrokke organisasies of sektor, na gelang van die geval, van die Minister vereis om sodanige instrument te onderskryf of goed te keur; of

(b) sodanige instrument onderskryf of goedkeur.".

Wysiging van artikel 24 van Wet 107 van 1998, soos vervang deur artikel 2 van Wet 62 van 2008

5. Artikel 24 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragrawe *(b)*, *(c)* en *(d)* in subartikel (2) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(b)* geografiese gebiede identifiseer, gegrond op omgewingseienskappe, en soos gespesifiseer in ruimtelike-ontwikkelingshulpmiddels op die voorgeskrewe wyse deur die **[omgewingsowerheid]** Minister of 'n LUR, met die instemming van die Minister, goedgekeur, waarin gespesifiseerde aktiwiteite nie 'n aanvang mag neem sonder 'n omgewingsmagtiging van die bevoegde owerheid nie;

(c) geografiese gebiede identifiseer, gegrond op omgewingseienskappe, en soos gespesifiseer in **[ruimtelike-oniwikkelingshulpmiddels]** ruimtelike hulpmiddels op die voorgeskrewe wyse deur die **[omgewingsowerheid]** Minister of 'n LUR, met die instemming van die Minister goedgekeur, waarin gespesifiseerde aktiwiteite van **[magtiging deur]** die vereiste om omgewingsmagtiging van die bevoegde owerheid te kry, uitgesluit kan word;

(d) aktiwiteite beoog in paragrawe *(a)* en *(b)* identifiseer **[waarmee sonder]** wat van die vereiste om 'n omgewingsmagtiging **['n aanvang geneem**] van die bevoegde owerheid te kry uitgesluit kan word maar wat moet voldoen aan voorgeskrewe norme of standaarde**[:]**; of";

(b) deur die volgende subparagraaf by subartikel (2) te voeg:

"*(e)* aktiwiteite in paragrawe *(a)* en *(b)* beoog wat, gegrond op 'n omgewingsbestuursinstrument wat op die voorgeskrewe wyse deur die Minister of 'n LUR, met die instemming van die Minister, goedgekeur is, kan uitgesluit word van die vereiste om 'n omgewingsmagtiging van die bevoegde owerheid te kry;";

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(c) by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) *(a)* In accordance with the risk averse and cautious approach contemplated in section 2(4)*(a)*(vii) and subject to paragraphs *(e)* and *(f)*, the Minister may by notice in the *Gazette* prohibit or restrict the granting of an environmental authorisation by the competent authority for a listed or a specified activity in a specified geographical area for such period and on such terms and conditions as the Minister may determine, if it is necessary to ensure the protection of the environment, the conservation of resources or sustainable development.

(b) Where the Minister has exercised his or her powers in terms of paragraph *(a)*, the competent authority must—

(i) not accept any further application for an environmental authorisation for the identified listed or specified activity in the identified geographical area until such time that the prohibition has been lifted; and

(ii) deem all pending applications to have been withdrawn.

(c) The exercise of the Minister's powers in terms of paragraph *(a)* does not affect the undertaking of activities authorised by means of an environmental authorisation prior to the prohibition or restriction becoming effective.

(d) Where the prohibition or restriction affects the exercise of a power that an MEC has in terms of this Act, the prohibition or restriction contemplated in paragraph *(a)* may be published in the *Gazette* after consulting the MEC concerned.

(e) The Minister may by notice in the *Gazette*—

(i) lift a prohibition or restriction made in terms of paragraph *(a)* if the circumstances which caused the Minister exercise his or her powers in terms of paragraph *(a)* no longer exist; or

(ii) amend any period, term or condition applicable to a prohibition or restriction if the circumstances which caused the Minister to exercise his or her powers in terms of paragraph *(a)* have changed.

(f) Before the exercise of his or her powers in terms of paragraph *(a)*, the Minister must—

(i) consult all Cabinet members whose areas of responsibility will be affected by the exercise of the power;

(ii) in accordance with the principles of co-operative governance set out in Chapter 3 of the Constitution, consult an MEC who will be affected by the exercise of the power; and

(iii) publish a notice in the *Gazette* inviting members of the public to submit to the Minister, within 30 days of publication of the notice in the *Gazette*, written representations on the proposed prohibition or restriction.";

(d) by the insertion in subsection (5) after paragraph *(b*A*)* of the following paragraph:

"*(b*B*)* laying down the procedure for the preparation, evaluation and adoption of the instruments referred to in subsection (2)*(c)*, *(d)* and *(e)*, including criteria or conditions to be included in such instruments;"; and

(e) by the substitution in subsection (10)*(a)* for subparagraph (i) of the following subparagraph:

"(i) develop or adopt norms or standards for—

(aa) a listed activity or specified activity contemplated in subsection (2)*(a)* and *(b)*;

(bb) any part of the listed or specified activity referred to in item *(aa)*;

(cc) any sector relating to item *(aa)*;

(dd) any geographical area relating to item *(aa)*; or

(ee) any combination of the activities, sectors, geographical areas, listed activities or specified activities referred to in items *(aa)*, *(bb)*, *(cc)* and *(dd)*;".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(c) deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

"(2A) *(a)* Ooreenkomstig die risiko-negatiewe en versigtigheidsbenadering beoog in artikel 2(4)*(a)*(vii) en behoudens paragrawe *(e)* en *(f)*, kan die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant die toestaan van 'n omgewingsmagtiging deur die bevoegde owerheid vir 'n gelyste of 'n gespesifiseerde aktiwiteit in 'n bepaalde geografiese gebied vir sodanige tydperk en op sodanige bedinge en voorwaardes wat die Minister kan bepaal, verbied of beperk indien dit nodig is om die beskerming van die omgewing, die bewaring van hulpbronne of volhoubare ontwikkeling te verseker.

(b) Waar die Minister sy of haar bevoegdhede ingevolge paragraaf *(a)* uitgeoefen het, moet die bevoegde owerheid—

(i) nie enige verdere aansoek om 'n omgewingsmagtiging vir die geïdentifiseerde gelyste of gespesifiseerde aktiwiteit in die geïdentifiseerde geografiese gebied aanvaar totdat die verbod gelig is nie; en

(ii) alle hangende aansoeke as teruggetrek beskou.

(c) Die uitoefening van die Minister se bevoegdhede ingevolge paragraaf *(a)* raak nie die onderneming van aktiwiteite wat voordat die verbod of beperking van krag geword het by wyse van 'n omgewingsmagtiging gemagtig is nie.

(d) Waar die verbod of beperking die uitoefening van 'n bevoegdheid wat die LUR ingevolge hierdie Wet het raak, kan die verbod of beperking in paragraaf *(a)* beoog na oorleg met die betrokke LUR in die *Staatskoerant* gepubliseer word.

(e) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

(i) 'n verbod of beperking wat ingevolge paragraaf *(a)* gemaak is lig indien die omstandighede wat meegebring het dat die Minister sy of haar bevoegdhede ingevolge paragraaf *(a)* uitoefen, nie meer bestaan nie; of

(ii) enige tydperk, beding of voorwaarde van toepassing op enige verbod of beperking wysig indien die omstandighede wat meegebring het dat die Minister sy of haar bevoegdhede ingevolge paragraaf *(a)* uitoefen, verander het.

(f) Voor die uitoefening van sy of haar bevoegdhede ingevolge paragraaf *(a)*, moet die Minister—

(i) met alle Kabinetsministers wie se gebiede van verantwoordelikheid deur die uitoefening van die bevoegdheid geraak sal word, oorleg pleeg;

(ii) ooreenkomstig beginsels vir samewerkende regering in Hoofstuk 3 van die Grondwet uiteengesit, oorleg pleeg met 'n LUR wat deur die uitoefening van die bevoegdheid geraak sal word; en

(iii) 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer en lede van die publiek nooi om binne 30 dae na die publikasie van die kennisgewing in die *Staatskoerant*, skriftelike vertoë oor die voorgestelde verbod of beperking aan die Minister te rig.";

(d) deur die volgende paragraaf na paragraaf *(b*A*)* in subartikel (5) in te voeg:

"*(b*B*)* die prosedure neerlê vir die voorbereiding, evaluasie en aanvaarding van die instrumente in subartikel (2)*(c)*, *(d)* en *(e)* bedoel, met inbegrip van maatstawwe of voorwaardes wat in sodanige instrumente ingesluit moet word;"; en

(e) deur subparagraaf (i) in subartikel (10)*(a)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) norme of standaarde ontwikkel of goedkeur vir—

(aa) 'n gelyste aktiwiteit of gespesifiseerde aktiwiteit in subartikel (2)*(a)* en *(b)* beoog;

(bb) enige deel van die gelyste of gespesifiseerde aktiwiteit in paragraaf *(aa)* bedoel;

(cc) enige sektor wat met item *(aa)* verband hou;

(dd) enige geografiese gebied wat met item *(aa)* verband hou; of

(ee) 'n kombinasie van die aktiwiteite, sektore, geografiese gebiede en gelyste of gespesifiseerde aktiwiteite in items *(aa)*, *(bb)*, *(cc)* en *(dd)* bedoel;".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Amendment of section 24C of Act 107 of 1998, as substituted by section 3 of Act 62 of 2008

6. Section 24C of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The Minister must be identified as the competent authority in terms of subsection (1), unless otherwise agreed to in terms of section 24C(3), if the activity—";

(b) by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* has implications for international environmental commitments or relations, and where—

(i) it is identified by the Minister by notice in the *Gazette*; or

(ii) it is an activity that takes place in an area protected by means of an international environmental instrument, other than—

(aa) a conservancy;

(bb) a protected natural environment;

(cc) a proclaimed private nature reserve;

(dd) a natural heritage site;

(ee) the buffer zone or transitional area of a biosphere reserve; or

(ff) the buffer zone or transitional area of a world heritage site;";

(c) by the deletion in subsection (2) of paragraph *(b)*;

(d) by the insertion after subsection (2A) of the following subsection:

"(2B) *(a)* Notwithstanding the other provisions of this section, and in the event of the Minister not being the competent authority, the Minister must be identified as the competent authority where a Cabinet decision stipulates that the Minister must be the competent authority for activities related to a matter declared as a national priority or matters related to such national priority.

(b) Notice must be given by the Minister in the *Gazette* approximately 90 days prior to the Cabinet decision referred to in paragraph *(a)*.

(c) The notice referred to in paragraph *(b)* must as a minimum contain the following information:

(i) The proposed decision to be considered by Cabinet and its rationale;

(ii) the approximate date of the consideration of the proposed decision by Cabinet;

(iii) the proposed date on which the decision will come into effect;

(iv) the proposed time-frame for which the Minister will be the competent authority, where appropriate;

(v) the activities contemplated in section 24(2)*(a)* or geographical areas contemplated in section 24(2)*(b)*; and

(vi) any transitional arrangements that may be applicable to applications for environmental authorisations that already have been or are being processed.

(d) Once Cabinet has made the decision referred to in paragraph *(a)*, the Minister must publish the decision by notice in the *Gazette*."; and

(e) by the addition of the following subsections:

"(4) In accordance with section 125(2)(b) of the Constitution, whenever an MEC fails to take a decision on an application for an environmental authorisation within the time periods prescribed by this Act, the applicant may apply to the Minister to take the decision.

(5) The applicant must notify the MEC in writing of the intention to exercise the option in subsection (4) at least 30 days prior to the exercising of such option.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Wysiging van artikel 24C van Wet 107 van 1998, soos vervang deur artikel 3 van Wet 62 van 2008

6. Artikel 24C van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende paragraaf te vervang:

"Die Minister moet geïdentifiseer word as die bevoegde owerheid ingevolge subartikel (1), tensy ingevolge artikel 24C(3) anders ooreengekom, indien die aktiwiteit—";

(b) deur paragraaf *(a)* in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* implikasies vir internasionale omgewingsverbintenisse of betrekkinge het; en waar—

(i) die Minister dit by kennisgewing in die *Staatskoerant* identifiseer; of

(ii) dit 'n aktiwiteit is wat in 'n gebied plaasvind wat by wyse van 'n internasionale omgewingsinstrument beskerm word, buiten—

(aa) 'n bewaringsgebied;

(bb) 'n beskermde natuurlike omgewing;

(cc) 'n geproklameerde privaat natuurreservaat;

(dd) 'n natuurerfenisterrein;

(ee) die buffersone of oorgangsgebied van 'n biosfeerreservaat; of

(ff) die buffersone of oorgangsgebied van 'n wêrelderfenisgebied;";

(c) deur paragraaf *(b)* in subartikel (2) te skrap;

(d) deur die volgende subartikel na subartikel (2A) in te voeg:

"(2B) *(a)* Ondanks die ander bepalings van hierdie artikel, en indien die Minister nie die bevoegde owerheid is nie, moet die Minister as die bevoegde owerheid geïdentifiseer word waar 'n Kabinetsbesluit bepaal dat die Minister die bevoegde owerheid moet wees vir aktiwiteite wat verband hou met 'n aangeleentheid wat as 'n nasionale prioriteit verklaar is of aangeleenthede wat met sodanige nasionale prioriteit verband hou.

(b) Die Minister moet ongeveer 90 dae voor die Kabinetsbesluit in paragraaf *(a)* bedoel kennis in die *Staatskoerant* gee.

(c) Die kennisgewing in paragraaf *(b)* bedoel moet minstens die volgende inligting bevat:

(i) Die voorgestelde besluit wat deur die Kabinet oorweeg moet word en die grondrede daarvoor;

(ii) die geskatte datum van die oorweging van die voorgestelde besluit deur die Kabinet;

(iii) die voorgestelde datum waarop die besluit in werking sal tree;

(iv) die voorgestelde tydsbestek waartydens die Minister die bevoegde owerheid sal wees, waar gepas;

(v) die aktiwiteite in artikel 24(2)*(a)* beoog of geografiese gebiede in artikel 24(2)*(b)* beoog; en

(vi) enige oorgangsmaatreëls wat op aansoeke om omgewingsmagtigings wat reeds verwerk is of verwerk word, van toepassing kan wees.

(d) Sodra die Kabinet die besluit in paragraaf *(a)* bedoel geneem het, moet die Minister die besluit by kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer.''; en

(e) deur die volgende subartikels by te voeg:

"(4) Ooreenkomstig artikel 125(2)(b) van die Grondwet kan die aansoeker elke keer wat die LUR versuim om binne die tydperke deur hierdie Wet voorgeskryf 'n besluit oor 'n aansoek om 'n omgewingsmagtiging te maak, by die Minister aansoek doen om die besluit te neem.

(5) Die aansoeker moet die LUR minstens 30 dae voordat sodanige opsie uitgeoefen word, skriftelik in kennis stel van die voorneme om sodanige opsie uit te oefen.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(6) The application contemplated in subsection (4) must, at least, contain all the documents submitted to the MEC in order to enable the Minister to take a decision.

(7) Before taking a decision contemplated in subsection (4), the Minister must request the MEC to provide him or her with a report within a specified time period on the status and causes of delay in the application.

(8) After having received the report referred to in subsection (7) or in the event that no response or no satisfactory response or cooperation is received from the MEC within the specified time period the Minister must, where appropriate—

(a) inform the applicant in the event that the MEC had complied with the relevant prescripts;

(b) assist the MEC in accordance with section 125(3) of the Constitution to fulfil his or her obligations under this Act; or

(c) direct the MEC to take the decision and such other steps as the Minister may deem necessary within a specified time period.

(9) In the event that the MEC fails to take the decision within the specified time period or in any other manner fails to comply with the directive contemplated in subsection (8)*(c)*, the Minister must take the decision within a reasonable period of time.

(10) The Minister must, simultaneously with the submission of the annual report contemplated in section 40(1)*(d)*(i) of the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), submit a report to Parliament setting out the details regarding the exercise of the power referred to in subsection (8) during the previous financial year.''.

Amendment of section 24E of Act 107 of 1998, as inserted by section 3 of Act 8 of 2004

7. Section 24E of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(c)* of the following paragraph:

''*(c)* provision is made for the transfer of rights and obligations **[when there is a change of ownership in the property]**.''.

Amendment of section 24F of Act 107 of 1998, as inserted by section 3 of Act 8 of 2004 and amended by section 5 of Act 62 of 2008

8. Section 24F of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading:

''**[Offences] Prohibitions relating to commencement or continuation of listed activities**''; and

(b) by the deletion of subsections (2), (3) and (4).

Substitution of section 24G of Act 107 of 1998, as substituted by section 6 of Act 62 of 2008

9. The following section is hereby substituted for section 24G of the principal Act:

''**Consequences of unlawful commencement of activity**

24G. (1) On application by a person who—

(a) has commenced with a listed or specified activity without an environmental authorisation in contravention of section 24F(1);

(b) has commenced, undertaken or conducted a waste management activity without a waste management licence in terms of section 20*(b)* of the National Environmental Management: Waste Act, 2008 (Act No. 59 of 2008),

the Minister, Minister responsible for mineral resources or MEC concerned, as the case may be, may direct the applicant to—

(i) immediately cease the activity pending a decision on the application submitted in terms of this subsection;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(6) Die aansoek in subartikel (4) beoog moet minstens al die toepaslike dokumente wat aan die LUR voorgelê is bevat ten einde die Minister in staat te stel om 'n besluit te neem.

(7) Voordat 'n besluit in subartikel (4) beoog geneem word, moet die Minister versoek dat die LUR hom of haar binne 'n bepaalde tydperk voorsien van 'n verslag oor die status en oorsake van vertraging in die aansoek.

(8) Na ontvangs van die verslag in subartikel (7) bedoel of indien geen reaksie of geen bevredigende reaksie of samewerking binne die bepaalde tydperk van die LUR ontvang word nie, moet die Minister, waar gepas—

(a) die aansoeker verwittig indien die LUR aan die toepaslike voorskrifte voldoen het;

(b) die LUR ooreenkomstig 125(3) van die Grondwet bystaan om sy of haar verpligtinge kragtens hierdie Wet na te kom; of

(c) die LUR gelas om binne 'n bepaalde tydperk die besluit te neem en sodanige ander stappe te doen wat die Minister nodig mag ag.

(9) Indien die LUR versuim om die besluit binne die bepaalde tydperk te neem of op enige ander wyse versuim om aan die lasgewing in subartikel (8)*(c)* beoog te voldoen, moet die Minister die besluit binne 'n redelike tydperk neem.

(10) Die Minister moet, tegelykertyd met die voorlegging van die jaarverslag in artikel 40(1)*(d)*(i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), beoog, 'n verslag aan die Parlement voorlê waarin die besonderhede van die uitoefening tydens die vorige boekjaar van die bevoegdheid in subartikel (8) bedoel, uiteengesit word.''.

Wysiging van artikel 24E van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 8 van 2004

7. Artikel 24E van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(c)* voorsiening gemaak word vir die oordrag van regte en verpligtinge **[wanneer 'n verandering in die eienaarskap van die eiendom plaasvind]**.''.

Wysiging van artikel 24F van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 8 van 2004 en gewysig deur artikel 5 van Wet 62 van 2008

8. Artikel 24F van die Hoofwet word hierby gewysig:

(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**[Misdrywe] Verbodsbepalings wat verband hou met [die] aanvang of voortsetting van gelyste aktiwiteite**''; en

(b) deur subartikels (2), (3) en (4) te skrap.

Wysiging van artikel 24G van Wet 107 van 1998, soos vervang deur artikel 6 van Wet 62 van 2008

9. Artikel 24G van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Gevolge van onwettige aanvang van aktiwiteit**

24G. (1) By aansoek deur 'n persoon wat—

(a) strydig met artikel 24F(1) sonder 'n omgewingsmagtiging aanvang geneem het met 'n gelyste of gespesifiseerde aktiwiteit;

(b) sonder 'n afvalbestuurslisensie ingevolge artikel 20*(b)* van die 'National Environmental Management: Waste Act, 2008' (Wet No. 59 van 2008), met 'n afvalbestuursaktiwiteit 'n aanvang geneem het, onderneem het of verrig het, kan die Minister, Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of betrokke LUR, na gelang van die geval, die aansoeker gelas om—

(i) die aktiwiteit onmiddellik te staak hangende 'n beslissing oor die aansoek ingevolge hierdie subartikel ingedien;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(ii) investigate, evaluate and assess the impact of the activity on the environment;
(iii) remedy any adverse effects of the activity on the environment;
(iv) cease, modify or control any act, activity, process or omission causing pollution or environmental degradation;
(v) contain or prevent the movement of pollution or degradation of the environment;
(vi) eliminate any source of pollution or degradation;
(vii) compile a report containing—
(aa) a description of the need and desirability of the activity;
(bb) an assessment of the nature, extent, duration and significance of the consequences for or impacts on the environment of the activity, including the cumulative effects and the manner in which the geographical, physical, biological, social, economic and cultural aspects of the environment may be affected by the proposed activity;
(cc) a description of mitigation measures undertaken or to be undertaken in respect of the consequences for or impacts on the environment of the activity;
(dd) a description of the public participation process followed during the course of compiling the report, including all comments received from interested and affected parties and an indication of how the issues raised have been addressed;
(ee) an environmental management programme; or
(viii) provide such other information or undertake such further studies as the Minister, Minister responsible for mineral resources or MEC, as the case may be, may deem necessary.

(2) The Minister, Minister responsible for mineral resources or MEC concerned must consider any report or information submitted in terms of subsection (1) and thereafter may—
(a) refuse to issue an environmental authorisation; or
(b) issue an environmental authorisation to such person to continue, conduct or undertake the activity subject to such conditions as the Minister, Minister responsible for mineral resources or MEC may deem necessary, which environmental authorisation shall only take effect from the date on which it has been issued; or
(c) direct the applicant to provide further information or take further steps prior to making a decision provided for in paragraph *(a)* or *(b)*.

(3) The Minister, Minister responsible for mineral resources or MEC may as part of his or her decision contemplated in subsection (2)*(a)*, *(b)* or *(c)* direct a person to—
(a) rehabilitate the environment within such time and subject to such conditions as the Minister, Minister responsible for mineral resources or MEC may deem necessary; or
(b) take any other steps necessary under the circumstances.

(4) A person contemplated in subsection (1) must pay an administrative fine, which may not exceed R5 million and which must be determined by the competent authority, before the Minister, Minister responsible for mineral resources or MEC concerned may act in terms of subsection (2)*(a)* or *(b)*.

(5) In considering a decision contemplated in subsection (2), the Minister, Minister responsible for mineral resources or MEC may take into account whether or not the applicant complied with any directive issued in terms of subsection (1) or (2).

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(ii) die invloed van die aktiwiteit op die omgewing te ondersoek, evalueer en bepaal;
(iii) enige nadelige uitwerkings van die aktiwiteit op die omgewing reg te stel;
(iv) enige handeling, aktiwiteit, proses of uitlating wat besoedeling of omgewingsagteruitgang veroorsaak staak, verander of beheer;
(v) die verspreiding van besoedeling of agteruitgang van die omgewing stuit of voorkom;
(vi) enige bron van besoedeling of agteruitgang uitskakel;
(vii) 'n verslag opstel wat—
(aa) 'n beskrywing van die nodigheid en wenslikheid van die aktiwiteit;
(bb) 'n bepaling van die aktiwiteit se aard, omvang, duur en belang van die gevolge vir of invloed daarvan op die omgewing, met inbegrip van die kumulatiewe uitwerking en die wyse waarop die geografiese, fisiese, biologiese, maatskaplike, ekonomiese en kulturele aspekte van die omgewing deur die voorgestelde aktiwiteit geraak kan word;
(cc) 'n beskrywing van versagtende maatreëls wat getref is of getref gaan word ten opsigte van die aktiwiteit se gevolge vir of invloed op die omgewing;
(dd) 'n beskrywing van die proses van openbare deelname wat gevolg is toe die verslag opgestel is, met inbegrip van alle kommentaar wat van belangstellende en geraakte partye ontvang is en 'n aanduiding van hoe die kwessies wat geopper is, hanteer is;
(ee) 'n omgewingsbestuursprogram uiteensit; of
(viii) sodanige ander inligting verstrek of sodanige verdere studies onderneem wat die Minister, Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of LUR, na gelang van die geval, nodig mag ag.

(2) Die Minister, Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of betrokke LUR moet enige verslag of inligting ingevolge subartikel (1) voorgelê, oorweeg en kan daarna—
(a) weier om 'n omgewingsmagtiging uit te reik; of
(b) 'n omgewingsmagtiging aan sodanige persoon uitreik om die aktiwiteit voort te sit, uit te voer of te onderneem behoudens die voorwaardes wat die Minister, Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of LUR nodig mag ag, welke omgewingsmagtiging slegs in werking sal tree vanaf die datum waarop dit uitgereik is; of
(c) die aansoeker gelas om verdere inligting te verstrek of verder stappe te doen voordat 'n besluit in paragraaf *(a)* of *(b)* voor voorsiening gemaak, geneem word.

(3) Die Minister, Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of LUR kan as deel van sy of haar besluit beoog in subartikel (2)*(a)*, *(b)* of *(c)* 'n persoon gelas om—
(a) die omgewing te rehabiliteer binne sodanige tyd en behoudens sodanige voorwaardes wat die Minister, Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of LUR nodig mag ag; of
(b) enige ander stappe doen wat onder die omstandighede nodig is.

(4) 'n Persoon in subartikel (1) beoog moet 'n administratiewe boete betaal, wat nie meer as R5 miljoen mag wees nie en wat deur die bevoegde owerheid bepaal moet word voordat die Minister, Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of betrokke LUR ingevolge subartikel (2)*(a)* of *(b)* kan handel.

(5) By oorweging van 'n besluit in subartikel (2) beoog, kan die Minister, Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of LUR in ag neem of die aansoeker aan enige lasgewing uitgereik ingevolge subartikel (1) of (2) voldoen het, al dan nie.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(6) The submission of an application in terms of subsection (1) or the granting of an environmental authorisation in terms of subsection (2)*(b)* shall in no way derogate from—

(a) the environmental management inspector's or the South African Police Services' authority to investigate any transgression in terms of this Act or any specific environmental management Act;

(b) the National Prosecuting Authority's legal authority to institute any criminal prosecution.

(7) If, at any stage after the submission of an application in terms of subsection (1), it comes to the attention of the Minister, Minister for mineral resources or MEC, that the applicant is under criminal investigation for the contravention of or failure to comply with section 24F(1) or section 20*(b)* of the National Environmental Management: Waste Act, 2008 (Act No. 59 of 2008), the Minister, Minister responsible for mineral resources or MEC may defer a decision to issue an environmental authorisation until such time that the investigation is concluded and—

(a) the National Prosecuting Authority has decided not to institute prosecution in respect of such contravention or failure;

(b) the applicant concerned is acquitted or found not guilty after prosecution in respect of such contravention or failure has been instituted; or

(c) the applicant concerned has been convicted by a court of law of an offence in respect of such contravention or failure and the applicant has in respect of the conviction exhausted all the recognised legal proceedings pertaining to appeal or review.''.

Amendment of section 24M of Act 107 of 1998, as inserted by section 8 of Act 62 of 2008

10. Section 24M of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) The Minister or MEC, as the case may be, may grant an exemption from any provision of this Act, except from the provision of section 24(4)*(a)* or the requirement to obtain an environmental authorisation contemplated in section 24(2)*(a)* or *(b)*.''; and

(b) by the deletion in subsection (4) of the word ''or'' at the end of paragraph *(b)*, the insertion of the expression ''; or'' after the word ''parties'' at the end of paragraph *(c)* and the addition to that subsection of the following paragraph:

''*(d)* the activity is of national or provincial importance and is aimed at preventing or mitigating serious harm to the environment or property.''.

Amendment of section 24O of Act 107 of 1998, as inserted by section 8 of Act 62 of 2008

11. Section 24O of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1)*(b)* for subparagraph (viii) of the following subparagraph:

''(viii) any guidelines, departmental policies, and **[decision making]** environmental management instruments that have been **[developed or]** adopted in the prescribed manner by the Minister or MEC, with the concurrence of the Minister, and any other information in the possession of the competent authority that are relevant to the application; and''.

Amendment of section 28 of Act 107 of 1998, as amended by section 12 of Act 14 of 2009

12. Section 28 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

''(4) The Director-General or a provincial head of department may, **[after consultation with any other organ of state concerned and]** after having given adequate opportunity to affected persons to inform him or her of their relevant interests, direct any person who **[fails to take the**

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(6) Die voorlegging van 'n aansoek ingevolge subartikel (1) of die toestaan van 'n omgewingsmagtiging ingevolge subartikel (2)*(b)* doen nie afbreuk aan—

(a) die omgewingsbetuursinspekteur of die Suid-Afrikaanse Polisiediens se bevoegdheid om enige oortreding ingevolge hierdie Wet of enige bepaalde omgewingsbestuurswet te ondersoek nie;

(b) die Nasionale Vervolgingsgesag se regsgesag om enige strafregtelike vervolging in te stel nie.

(7) Indien dit, op enige stadium na die voorlegging van 'n aansoek ingevolge subartikel (1) onder die aandag kom van die Minister, Minister vir minerale hulpbronne of LUR, dat die aansoeker strafregtelik ondersoek word vir die oortreding van of versuim om te voldoen aan artikel 24F(1) of artikel 20*(b)* van die 'National Environmental Management: Waste Act, 2008' (Wet No. 59 van 2008), kan die Minister, Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of LUR 'n besluit om 'n omgewingsmagtiging uit te reik, uitstel totdat die ondersoek afgehandel is en—

(a) die Nasionale Vervolgingsgesag besluit het om nie vervolging ten opsigte van sodanige oortreding of versuim in te stel nie;

(b) die betrokke aansoeker vrygespreek word of onskuldig bevind word nadat vervolging ten opsigte van sodanige oortreding of versuim ingestel is; of

(c) die betrokke aansoeker deur 'n geregshof skuldig bevind is aan 'n misdryf ten opsigte van sodanige verbreking of versuim en die aansoeker ten opsigte van die skuldigbevinding al die erkende regsverrigtinge betreffende appèl of hersiening uitgeput het.".

Wysiging van artikel 24M van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 8 van Wet 62 van 2008

10. Artikel 24M van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die Minister of 'n LUR, na gelang van die geval, kan 'n vrystelling van enige van die bepalings van hierdie Wet verleen, behalwe van 'n bepaling van artikel 24(4)*(a)* of die vereiste om 'n omgewingsmagtiging in artikel 24(2)*(a)* of *(b)* beoog, te verkry."; en

(b) deur in subartikel (4) die woord "of" aan die einde van paragraaf *(b)* te skrap, die uitdrukking "; of" na die woord "raak" aan die einde van paragraaf *(c)* in te voeg en die volgende paragraaf by daardie subartikel te voeg:

"*(d)* die aktiwiteit van nasionale of provinsiale belang is en gemik is op die voorkoming of versagting van ernstige skade aan die omgewing of eiendom.".

Wysiging van artikel 24O van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 8 van Wet 62 van 2008

11. Artikel 24O van die Hoofwet word hierby gewysig deur subparagraaf (viii) in subartikel (1)*(b)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(viii) enige riglyne, departementele beleid en **[besluitnemingsdokumente]** omgewingsbestuursdokumente wat **[ontwikkel is of]** op die voorgeskrewe wyse deur die Minister of LUR, met die instemming van die Minister, goedgekeur is en enige ander inligting in besit van die bevoegde owerheid wat op die **[aktiwiteit]** aansoek betrekking het; en".

Wysiging van artikel 28 van Wet 107 van 1998, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 14 van 2009

12. Artikel 28 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Die Direkteur-generaal of 'n provinsiale departementshoof kan, **[na oorlegpleging met enige ander betrokke staatsorgaan en]** nadat voldoende geleentheid aan persone wat geraak word, gegee is om hom of haar van hul betrokke belange in te lig, enige persoon wat **[versuim om**

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

measures required under subsection (1)] is causing, has caused or may cause significant pollution or degradation of the environment to—

(a) **[investigate, evaluate and assess the impact of specific activities and report thereon]** cease any activity, operation or undertaking;

(b) **[commence taking specific reasonable measures before a given date]** investigate, evaluate and assess the impact of specific activities and report thereon;

(c) **[diligently continue with those measures; and]** commence taking specific measures before a given date;

(d) **[complete them before a specified reasonable date]** diligently continue with those measures; and

(e) complete those measures before a specified reasonable date:

Provided that the Director-General or a provincial head of department may, if urgent action is necessary for the protection of the environment, issue such directive, and consult and give such opportunity to inform as soon thereafter as is reasonable.'';

(b) by the substitution in subsection (5) for paragraph *(e)* of the following paragraph:

"*(e)* the desirability of the State fulfilling its role as custodian holding the environment in public trust for the people; and'';

(c) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

"(7) Should a person fail to comply, or inadequately comply, with a directive under subsection (4), the Director-General or a provincial head of department **[responsible for environmental affairs]** may take reasonable measures to remedy the situation or apply to a competent court for appropriate relief.''; and

(d) by the deletion of subsections (14) and (15).

Amendment of section 30 of Act 107 of 1998, as amended by section 13 of Act 14 of 2009

13. Section 30 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading:

"**Control of [emergency] incidents**";

(b) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* **'incident'** means an unexpected, sudden and uncontrolled release of a hazardous substance, including from a major emission, fire or explosion, that causes, has caused or may cause significant harm to the environment, human life or property;''; and

(c) by the deletion of subsection (11).

Insertion of section 30A in Act 107 of 1998

14. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 30:

''**Emergency situations**

30A. (1) The competent authority may on its own initiative or on written or oral request from a person, direct a person verbally or in writing to carry out a listed or specified activity, without obtaining an environmental authorisation contemplated in section 24(2)*(a)* or *(b)*, in order to prevent or contain an emergency situation or to prevent, contain or mitigate the effects of the emergency situation.

(2) The request from the person referred to in subsection (1) must at least include, where known—

(a) the nature, scope and possible impact of the emergency situation;

(b) the listed or specified activities that will be commenced with in response to the emergency situation;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

die vereiste stappe kragtens subartikel (1) te doen,] beduidende besoedeling of agteruitgang van die omgewing veroorsaak, veroorsaak het of kan veroorsaak gelas om—

(a) **[die inwerking van gespesifiseerde aktiwiteite te ondersoek, te evalueer en vas te stel en daaroor verslag te doen]** enige aktiwiteit, bedryf of onderneming te staak;

(b) **[te begin om bepaalde redelike stappe voor 'n gegewe datum te doen]** die inwerking van gespesifiseerde aktiwiteite te ondersoek, evalueer en vas te stel en verslag daaroor te doen;

(c) **[daardie stappe ywerig voort te sit; en]** voor 'n gegewe datum met bepaalde stappe te begin;

(d) **[om dit voor 'n redelike datum, wat vermeld word, te voltooi]** daardie stappe ywerig voort te sit; en

(e) daardie stappe voor 'n redelike datum, wat vermeld word, te voltooi:

Met dien verstande dat die Direkteur-generaal of 'n provinsiale departementshoof, indien dringende optrede nodig is om die omgewing te beskerm, sodanige lasgewing kan uitreik en oorleg pleeg en sodanige geleentheid bied om inligting te verskaf as wat so spoedig daarna redelik is.'';

(b) deur paragraaf *(e)* in subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(e)* die wenslikheid dat die Staat sy **[aanspreeklikheid na verhouding verdeel word onder die betrokke persone]** rol vervul as bewaarder wat die omgewing in openbare trust vir die mense hou; en'';

(c) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

''(7) Sou 'n persoon versuim om gehoor te gee aan 'n opdrag of nie genoegsaam gehoor gee aan 'n opdrag kragtens subartikel (4) nie, kan die Direkteur-generaal of provinsiale departementshoof **[verantwoordelik vir omgewingsake]** redelike stappe doen om die situasie reg te stel of by 'n bevoegde hof aansoek doen om gepaste regshulp te verleen.''; en

(d) deur subartikels (14) en (15) te skrap.

Wysiging van artikel 30 van Wet 107 van 1998, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 14 van 2009

13. Artikel 30 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**Beheer van [noodvoorvalle] voorvalle**'';

(b) deur paragraaf *(a)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* **'voorval'** 'n onverwagse, skielike en onbeheerde vrystelling van 'n skadelike stof, ook van 'n groot uitlating, vuur of ontploffing, wat wesenlike skade aan die omgewing, menselewens of eiendom veroorsaak, veroorsaak het of kan veroorsaak;''; en

(c) deur subartikel (11) te skrap.

Invoeging van artikel 30A in Wet 107 van 1998

14. Die volgende artikel word hierby na artikel 30 in die Hoofwet ingevoeg:

''**Noodsituasies**

30A. (1) Die bevoegde owerheid kan uit eie inisiatief of op skriftelike of mondelinge versoek van 'n persoon, 'n persoon mondelings of skriftelik gelas om 'n gelyste of gespesifiseerde aktiwiteit uit te voer, sonder om 'n omgewingsmagtiging in artikel 24(2)*(a)* of *(b)* beoog te verkry, ten einde 'n noodsituasie te voorkom of te stuit of om die gevolge van die noodsituasie te voorkom, te stuit of te versag.

(2) Die versoek van die persoon in subartikel (1) bedoel moet ten minste insluit, waar bekend—

(a) die aard, omvang en moontlike invloed van die noodsituasie;

(b) die gelyste of gespesifiseerde aktiwiteite waarmee in reaksie op die noodsituasie 'n aanvang geneem sal word;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(c) the cause of the emergency situation; and
(d) the proposed measures to prevent or to contain the emergency situation or to prevent, contain or mitigate the effects of the emergency situation.

(3) The competent authority may direct the person to undertake specific measures within a specific time period in order to prevent or contain an emergency situation or to prevent, contain or mitigate the effects of the emergency situation.

(4) The verbal directive referred to in subsection (1) must be confirmed in writing at the earliest opportunity, which must be within seven days.

(5) Before making a decision contemplated in subsection (3), the competent authority must at least, where information is available, consider—

(a) the nature of the emergency situation;
(b) the information contained in the request referred to in subsection (2);
(c) whether the emergency situation was caused by or the fault of the person;
(d) the principles in section 2;
(e) the risk of the impact on the environment as a result of the emergency and the costs of the measures considered; and
(f) the risk of the impact on the environment of the emergency situation, prevention, control or mitigation measures and the post-event mitigation or rehabilitation measures that may be required.

(6) If the competent authority decides not to issue a directive provided for in subsection (1), the activity cannot commence or continue in the absence of an environmental authorisation.

(7) In this section 'emergency situation' means a situation that has arisen suddenly that poses an imminent and serious threat to the environment, human life or property, including a 'disaster' as defined in section 1 of the Disaster Management Act, 2002 (Act No. 57 of 2002), but does not include an incident referred to in section 30 of this Act.''.

Amendment of section 31J of Act 107 of 1998, as inserted by section 4 of Act 46 of 2003

15. Section 31J of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''An environmental management inspector, within his or her mandate in terms of section 31D, may, without a warrant, enter and search any vehicle, vessel or aircraft, or search any pack-animal or any other mechanism of transport, on reasonable suspicion that that vehicle, vessel, aircraft**[or],** pack animal or other mechanism of transport—;''; and

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) An environmental management inspector may, without a warrant, seize a vehicle, vessel, aircraft, pack-animal or any other mechanism of transport or anything contained in or on any vehicle, vessel, aircraft **[or]**, pack-animal **[that may be used as evidence in the prosecution of any person for an offence in terms of this Act or a specific environmental management Act]** or other mechanism of transport—

(a) which is concerned in or is on reasonable grounds believed to be concerned in the commission of an offence;
(b) which may afford evidence of the commission or suspected commission of an offence;
(c) which is intended to be used or is on reasonable grounds believed to be intended to be used in the commission of an offence; or
(d) which, on reasonable grounds, is being utilised in a manner that is likely to cause significant pollution, impact or degradation of the environment,

in terms of this Act or a specific environmental management Act.''.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(c) die oorsaak van die noodsituasie; en
(d) die voorgestelde maatreëls om die noodsituasie te voorkom of te stuit of om die gevolge van die noodsituasie te voorkom, te stuit of te versag.

(3) Die bevoegde owerheid kan die persoon gelas om bepaalde maatreëls binne 'n bepaalde tydperk te tref ten einde 'n noodsituasie te voorkom of te stuit of om die gevolge van die noodsituasie te voorkom, te stuit of te versag.

(4) Die mondelinge lasgewing in subartikel (1) bedoel moet so gou moontlik en hoogstens binne sewe dae skriftelik bevestig word.

(5) Voor 'n besluit in subartikel (3) beoog geneem word, moet die bevoegde owerheid ten minste in ag neem, waar inligting beskikbaar is—
(a) die aard van die noodsituasie;
(b) die inligting vervat in die versoek in subartikel (2) bedoel;
(c) of die noodsituasie deur die persoon of deur die persoon se fout veroorsaak is;
(d) die beginsels in artikel 2;
(e) die risiko van die invloed op die omgewing as 'n gevolg van die noodsituasie en die kostes van die maatreëls wat oorweeg word; en
(f) die risiko van die invloed op die omgewing van die noodsituasie, voorkoming, beheer of versagtende maatreëls en die versagtende of rehabilitasie maatreëls wat na die gebeurtenis nodig mag wees.

(6) Indien die bevoegde owerheid besluit om 'n lasgewing waarvoor in subartikel (1) voorsiening gemaak word, nie uit te reik nie, kan die aktiwiteit nie sonder 'n omgewingsmagtiging 'n aanvang neem of voortgaan nie.

(7) In hierdie artikel beteken 'noodsituasie' 'n situasie wat skielik ontstaan het wat 'n onmiddellike en ernstige bedreiging vir die omgewing, menselewe of eiendom daarstel, ook 'n 'ramp' soos in artikel 1 van die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet No. 57 van 2002), omskryf, maar nie ook 'n voorval in artikel 30 van hierdie Wet bedoel nie.''.

Wysiging van artikel 31J van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 4 van Wet 46 van 2003

15. Artikel 31J van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

'' 'n Omgewingsbestuursinspekteur kan, binne sy of haar mandaat ingevolge artikel 31D, sonder 'n lasbrief enige voertuig, vaartuig of lugvaartuig betree en deursoek, of enige pakdier of enige ander vervoermeganisme deursoek, by redelike verdenking dat daardie voertuig, vaartuig, lugvaartuig **[of]**, pakdier of ander vervoermeganisme—;''; en

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

''(2) 'n Omgewingsbestuursinspekteur kan, sonder 'n lasbrief, beslag lê op 'n voertuig, vaartuig, lugvaartuig of enige ander vervoermeganisme of enigiets in of op enige voertuig, vaartuig, lugvaartuig **[of]**, pakdier **[wat as bewysmateriaal gebruik kan word in die vervolging van enige persoon vir 'n misdryf ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet]** of ander vervoermeganisme—
(a) wat betrokke is by of wat op redelike gronde vermoed word betrokke te wees by die pleeg van 'n misdryf;
(b) wat bewyse van die misdryf of vermoedelike misdryf kan oplewer;
(c) wat bestem is om gebruik te word of op redelike gronde vermoed word bestem is om in die pleeg van 'n misdryf gebruik te word; of
(d) wat, op redelike gronde, op 'n wyse gebruik word wat waarskynlik beduidende besoedeling, invloed op of agteruitgang van die omgewing sal veroorsaak,

ingevolge hierdie Wet of 'n bepaalde Wet op omgewingsbestuur.''.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Amendment of section 31N of Act 107 of 1998, as inserted by section 4 of Act 46 of 2003 and amended by section 7 of Act 44 of 2008 and section 20 of Act 14 of 2009

16. Section 31N of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsections (1) and (3).

Amendment of section 31Q of Act 107 of 1998, as inserted by section 4 of Act 46 of 2003

17. Section 31Q of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsection (2).

Repeal of section 34A of Act 107 of 1998

18. Section 34A of the principal Act is hereby repealed.

Amendment of section 34H of Act 107 of 1998, as inserted by Act 14 of 2009

19. Section 34H of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection, the existing section becoming subsection (1):

"(2) Where a competent authority is of the view that a more severe penalty could be considered than those penalties referred to in section 49B, the competent authority may request the National Prosecuting Authority to institute the criminal proceedings in the High Court.".

Insertion of section 39A in Act 107 of 1998

20. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 39:

"**Prohibition of certain products**

39A. The Minister may from time to time regulate, prohibit or control the production, sale, distribution, import or export of products that may have a substantial detrimental effect on the environment.".

Amendment of section 44 of Act 107 of 1998, as amended by section 2 of Act 56 of 2002

21. Section 44 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the deletion in subsection (1) of the word "and" at the end of paragraph *(a*A*)* and the insertion after that paragraph of the following paragraphs:

"*(a*B*)* dealing with the production, prohibition, control, sale, distribution, import or export of products that may have a substantial detrimental effect on the environment;

*(a*C*)* relating to the procedure and criteria to be followed in the determination of an administrative fine in terms of section 24G;

*(a*D*)* relating to the procedure to be followed when oral requests are made in terms of section 30A; and"; and

(b) by the insertion after subsection (1) of the following subsections:

"(1A) Any regulation made under subsection (1) must be made after consultation with all Cabinet members whose areas of responsibility will be affected.

(1B) Until such time that the regulations made under subsection (1) have come into effect, the existing standard operating procedure, adopted by the Minister for determining administrative fines in terms of section 24G, applies.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Wysiging van artikel 31N van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 4 van Wet 46 van 2003 en gewysig deur artikel 7 van Wet 44 van 2008 en artikel 20 van Wet 14 van 2009

16. Artikel 31N van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1) en (3) te skrap.

Wysiging van artikel 31Q van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 4 van Wet 46 van 2003

17. Artikel 31Q van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) te skrap.

Herroeping van artikel 34A van Wet 107 van 1998

18. Artikel 34A van die Hoofwet word hierby herroep.

Wysiging van artikel 34H van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur Wet 14 van 2009

19. Artikel 34H van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg, die bestaande artikel word subartikel (1):

"(2) Waar 'n bevoegde owerheid van mening is dat 'n strenger straf oorweeg kan word as daardie strawwe in artikel 49B bedoel, kan die bevoegde owerheid versoek dat die Nasionale Vervolgingsgesag die strafregtelike verrigtinge in die Hooggeregshof instel.".

Invoeging van artikel 39A in Wet 107 van 1998

20. Die volgende artikel word hierby na artikel 39 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Verbod op sekere produkte**

39A. Die Minister kan van tyd tot tyd die vervaardiging, verkoop, verspreiding, invoer of uitvoer van produkte wat wesenlike agteruitgang van die omgewing kan veroorsaak, reguleer, verbied of beheer.".

Wysiging van artikel 44 van Wet 107 van 1998, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 56 van 2002

21. Artikel 44 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur aan die einde van paragraaf *(a*A*)* in subartikel (1) die woord "en" te skrap en die volgende paragrawe na daardie paragraaf in te voeg:

"*(a*B*)* wat handel oor die vervaardiging, verbod, beheer, verkoop, verspreiding, invoer of uitvoer van produkte wat wesenlike agteruitgang van die omgewing kan veroorsaak;

*(a*C*)* betreffende die prosedure en maatstawwe wat by die bepaling van 'n administratiewe boete ingevolge artikel 24G gevolg moet word;

*(a*D*)* betreffende die prosedure wat gevolg moet word wanneer mondelinge versoeke ingevolge artikel 30A gemaak word; en"; en

(b) deur die volgende subartikels na subartikel (1) in te voeg:

"(1A) Oorleg moet eers met die Kabinetslede gepleeg word wie se verantwoordelikheidsgebiede geraak sal word, alvorens 'n ingevolge subartikel (1) gemaakte regulasie, uitgevaardig word.

(1B) Totdat die regulasies wat kragtens subartikel (1) gemaak is in werking getree het, is die bestaande standaard bedryfsprosedure, deur die Minister aanvaar vir die bepaling van administratiewe boetes ingevolge artikel 24G, van toepassing.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Amendment of section 47 of Act 107 of 1998, as amended by section 5 of Act 8 of 2004 and section 11 of Act 62 of 2008

22. Section 47 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Minister must, **[within]** 30 days **[after promulgating and publishing]** before the final publication of any regulations made under this Act, table the regulations in **[the National Assembly and the National Council of Provinces, and an MEC must so table the regulations in the relevant provincial legislature or, if Parliament or the provincial legislature is then not in session, within 30 days after the beginning of the next ensuing session of Parliament or the provincial legislature]** Parliament.";

(b) by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) An MEC must, 30 days before the final publication of any regulations made under this Act, table the regulations in the relevant provincial legislature."; and

(c) by the deletion of subsection (3).

Amendment of section 47D of Act 107 of 1998, as inserted by section 11 of Act 46 of 2003

23. Section 47D of the principal Act is hereby amended—

(a) by the deletion in subsection (1)*(b)* of the word "or" at the end of subparagraph (ii) and the insertion in subsection (1) after paragraph *(b)* of the following paragraphs:

"*(b*A*)* by faxing a copy of the notice or other document to the person, if the person has a fax number;

*(b*B*)* by e-mailing a copy of the notice or other document to the person, if the person has an e-mail address; or

*(b*C*)* by posting a copy of the notice or other document to the person by ordinary mail, if the person has a postal address;"; and

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) A notice or other document issued in terms of subsection (1)*(b)*, *(b*A*)*, *(b*B*)*, *(b*C*)* or *(c)* must be regarded as having come to the notice of the person, unless the contrary is proved.".

Repeal of section 48 of Act 107 of 1998

24. Section 48 of the principal Act is hereby repealed.

Insertion of sections 49A and 49B in Act 107 of 1998

25. The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 49:

"**Offences**

49A. (1) A person is guilty of an offence if that person—

(a) commences with an activity in contravention of section 24F(1);

(b) fails to comply with any applicable norm or standard contemplated in section 24(2)*(d)*;

(c) fails to comply with or contravenes a condition of an environmental authorisation granted for a listed activity or specified activity or an approved environmental management programme;

(d) commences or continues with an activity in terms of section 24(2)*(c)*, *(d)* or *(e)* unless he or she complies with the procedures, criteria or conditions specified by the Minister or MEC in any regulation made under section 24(5)*(b*B*)*;

(e) unlawfully and intentionally or negligently commits any act or omission which causes significant pollution or degradation of the

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Wysiging van artikel 47 van Wet 107 van 1998, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 8 van 2004 en artikel 11 van Wet 62 van 2008

22. Artikel 47 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Minister moet, **[binne]** 30 dae **[na die afkondiging en publisering]** voor die finale publikasie van enige regulasies kragtens hierdie Wet uitgevaardig, die regulasies in die **[Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies ter tafel lê, en die LUR moet die regulasies in die betrokke provinsiale wetgewer ter tafel lê, of, indien die Parlement of die betrokke provinsiale wetgewer nie dan in sitting is nie, binne 30 dae na die begin van die eersvolgende sitting van die Parlement of die betrokke provinsiale wetgewer]** Parlement ter tafel lê.";

(b) deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

"(2A) 'n LUR moet, 30 dae voor die finale publikasie van enige regulasies kragtens hierdie Wet uitgevaardig, die regulasies in die toepaslike provinsiale wetgewer ter tafel lê."; en

(c) deur subartikel (3) te skrap.

Wysiging van artikel 47D van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 11 van Wet 46 van 2003

23. Artikel 47D van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1)*(b)* die woord "of" aan die einde van subparagraaf (ii) te skrap en deur in subartikel (1) na paragraaf *(b)* die volgende paragrawe in te voeg:

"*(b*A*)* deur 'n afskrif van die kennisgewing of ander dokument aan die persoon te faks, indien die persoon 'n faksnommer het;

*(b*B*)* deur 'n afskrif van die kennisgewing of dokument per e-pos aan die persoon te stuur, indien die persoon 'n e-posadres het; of

*(b*C*)* deur 'n afskrif van die kennisgewing of ander dokument per gewone pos aan die persoon te pos, indien die persoon 'n posadres het;"; en

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) 'n Kennisgewing of ander dokument wat ingevolge subartikel (1)*(b)*, *(b*A*)*, *(b*B*)*, *(b*C*)*, of *(c)* aan 'n persoon uitgereik is, moet, tensy die teendeel bewys word, geag word onder die aandag van daardie persoon te gekom het.".

Herroeping van artikel 48 van Wet 107 van 1998

24. Artikel 48 van die Hoofwet word hierby herroep.

Invoeging van artikels 49A en 49B in Wet 107 van 1998

25. Die volgende artikels word hierby na artikel 49 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Misdrywe**

49A. (1) 'n Persoon is skuldig aan 'n misdryf indien daardie persoon—

(a) in stryd met artikel 24F(1) met 'n aktiwiteit 'n aanvang neem;

(b) versuim om aan enige toepaslike norm of standaard in artikel 24(2)*(d)* beoog, te voldoen;

(c) versuim om aan 'n voorwaarde van 'n omgewingsmagtiging toegestaan vir 'n gelyste aktiwiteit of gespesifiseerde aktiwiteit of 'n goedgekeurde omgewingsbestuursprogram te voldoen of dit oortree;

(d) 'n aanvang neem of voortgaan met 'n aktiwiteit ingevolge artikel 24(2)*(c)*, *(d)* of *(e)* tensy hy of sy voldoen aan die prosedures, maatstawwe of voorwaardes deur die Minister of LUR bepaal in enige regulasie wat kragtens artikel 24(5)*(b*B*)* uitgevaardig is;

(e) wederregtelik en opsetlik of uit nalatigheid enige handeling of versuim pleeg wat beduidende besoedeling of agteruitgang van die

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

environment or is likely to cause significant pollution or degradation of the environment;

(f) unlawfully and intentionally or negligently commit any act or omission which detrimentally affects or is likely to detrimentally affect the environment;

(g) fails to comply with a directive issued in terms of this Act;

(h) fails to comply with or contravenes any condition applicable to an exemption granted in terms of section 24M;

(i) fails to comply with section 30(3), (4), (5) or (6);

(j) contravenes section 31(7) or (8);

(k) fails to comply with or contravenes a compliance notice issued in terms of section 31L;

(l) discloses information about any other person if that information was acquired while exercising or performing any power or duty in terms of section 31Q(1);

(m) hinders or interferes with an environmental management inspector in the execution of that inspector's official duties;

(n) pretends to be an environmental management inspector, or the interpreter or assistant of such an inspector;

(o) furnishes false or misleading information when complying with a request of an environmental management inspector;

(p) fails to comply with a request of an environmental management inspector.

(2) It is a defence to a charge in terms of subsection (1)*(a)* to show that the activity was commenced or continued with in response to an incident or emergency situation contemplated in section 30 or section 30A, as the case may be, so as to protect human life, property or environment: Provided that—

(a) in the case of an incident, the response is in compliance with the obligations contemplated in section 30(4) and was necessary and proportionate in relation to the threat to human life, property or environment; and

(b) in the case of an emergency situation contemplated in section 30A, the response is in compliance with a directive issued in terms of section 30A.

Penalties

49B. (1) A person convicted of an offence in terms of section 49A(1)*(a)*, *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)* or *(g)* is liable to a fine not exceeding R10 million or to imprisonment for a period not exceeding 10 years, or to both such fine or such imprisonment.

(2) A person convicted of an offence in terms of section 49A(1)*(i)*, *(j)* or *(k)* is liable to a fine not exceeding R5 million or to imprisonment for a period not exceeding 5 years, and in the case of a second or subsequent conviction to a fine not exceeding R10 million or to imprisonment for a period not exceeding 10 years, and in both instances to both such fine and such imprisonment.

(3) A person convicted of an offence in terms of section 49A(1)*(h)*, *(l)*, *(m)*, *(n)*, *(o)* or *(p)* is liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding one year, or to both a fine and such imprisonment.''.

Substitution of certain expressions in Act 107 of 1998

26. The principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the expression ''Minister of Minerals and Energy'', wherever it occurs, of the expression ''Minister responsible for mineral resources'';

(b) by the substitution for the expression ''Minister of Water Affairs and Forestry'', wherever it occurs, of the expression ''Minister responsible for water affairs''; and

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

omgewing veroorsaak of waarskynlik beduidende besoedeling of agteruitgang van die omgewing mag veroorsaak;

(f) wederregtelik en opsetlik of uit nalatigheid enige handeling of versuim pleeg wat die omgewing nadelig raak of waarskynlik nadelig kan raak;

(g) versuim om aan 'n lasgewing ingevolge hierdie Wet uitgereik, te voldoen;

(h) versuim om aan enige voorwaarde van toepassing op 'n vrystelling ingevolge artikel 24M toegestaan, te voldoen of dit oortree;

(i) versuim om aan artikel 30(3), (4), (5) of (6), te voldoen;

(j) artikel 31(7) of (8) oortree;

(k) versuim om aan 'n voldoeningskennisgewing ingevolge artikel 31L uitgereik, te voldoen of dit oortree;

(l) inligting oor enige ander persoon bekend maak indien daardie inligting verkry is terwyl enige bevoegdheid of plig ingevolge artikel 31Q(1) uitgevoer of verrig is;

(m) 'n omgewingsbestuursinspekteur belemmer in, of inmeng met, die verrigting van daardie inspekteur se amptelike pligte;

(n) voorgee om 'n omgewingsbestuursinpekteur te wees, of om die tolk of assistent van sodanige inspekteur te wees;

(o) vals of misleidende inligting verstrek wanneer aan 'n versoek deur 'n omgewingsbestuursinspekteur voldoen word;

(p) versuim om aan 'n versoek van 'n omgewingsbestuursinspekteur te voldoen.

(2) Dit is 'n verweer op 'n klag ingevolge subartikel (1)*(a)* om te toon dat 'n aanvang met 'n aktiwiteit geneem is in reaksie op 'n voorval of noodsituasie in artikel 30 of artikel 30A beoog, na gelang van die geval, ten einde menselewens, eiendom of die omgewing te beskerm: Met dien verstande dat—

(a) in die geval van 'n insident, die reaksie voldoen aan die verpligtinge in artikel 30(4) beoog en nodig en in verhouding was in verband met die bedreiging vir menselewens, eiendom of die omgewing; en

(b) in die geval van 'n noodsituasie in artikel 30A beoog, die reaksie voldoen aan 'n lasgewing ingevolge artikel 30A uitgereik.

Strawwe

49B. (1) 'n Persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge artikel 49A(1)*(a)*, *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)* of *(g)* is strafbaar met 'n boete van hoogstens R10 miljoen of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar, of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

(2) 'n Persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge artikel 49A(1)*(i)*, *(j)* of *(k)* is strafbaar met 'n boete van hoogstens R5 miljoen of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, en in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding met 'n boete van hoogstens R10 miljoen of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar, en in albei gevalle met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

(3) 'n Persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge artikel 49A(1)*(h)*, *(l)*, *(m)*, *(n)*, *(o)* of *(p)* is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.''.

Vervanging van sekere uitdrukkings in Wet 107 van 1998

26. Die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die uitdrukking ''Minister van Minerale en Energie'', waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking ''Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne'' te vervang;

(b) deur die uitdrukking ''Minister van Waterwese en Bosbou'', waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking ''Minister verantwoordelik vir waterwese'' te vervang; en

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(c) by the substitution for the expression ''Minister of Environmental Affairs and Tourism'', wherever it occurs, of the expression ''Minister responsible for environmental affairs.''.

Amendment of Schedule 3 to Act 107 of 1998, as substituted by section 8 of Act 8 of 2004 and amended by section 25 of Act 14 of 2009

27. Schedule 3 to the principal Act is hereby amended by the substitution for the wording in the sixteenth row of the third column of the following wording:

''**[Sections 24F(1) and (2), 24G(3), 28(14), 30(11), 31N(1) and 34A*(a)*, *(b)*, *(c)* and *(d)*]** Section 49A''.

Amendment of Table of Contents of Act 107 of 1998

28. The Table of Contents of the principal Act is hereby amended—

(a) by the insertion after item 16 of the following item:
''16A. Environment Outlook Report'';

(b) by the insertion after item 23 of the following item:
''23A. Mainstreaming environmental management'';

(c) by the substitution for item 24F of the following item:
''24F. Prohibitions relating to commencement or continuation of listed activities'';

(d) by the substitution for item 24G of the following item:
''24G. Consequences of unlawful commencement of activity'';

(e) by the substitution for item 30 of the following item:
''30. Control of incidents'';

(f) by the insertion after item 30 of the following item:
''30A. Emergency situations'';

(g) by the insertion after item 39 of the following item:
''39A. Prohibition of certain products''; and

(h) by the insertion after item 49 of the following items:
''49A. Offences
49B. Penalties''.

Short title and commencement

29. (1) This Act is called the National Environmental Management Laws Second Amendment Act, 2013, and all the sections of the Act, except for sections 3, 4, 5 and 14, come into operation on the date of publication of this Act by the President in the *Gazette* in terms of section 81 of the Constitution.

(2) Sections 3, 4, 5 and 14 take effect on a date 12 months from the date contemplated in subsection (1) or on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*, whichever is the earliest.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(c) deur die uitdrukking ''Minister van Omgewingsake en Toerisme'', waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking ''Minister verantwoordelik vir omgewingsake'' te vervang.

Wysiging van Bylae 3 tot Wet 107 van 1998, soos vervang deur artikel 8 van Wet 8 van 2004 en gewysig deur artikel 25 van Wet 14 van 2009

27. Bylae 3 tot die Hoofwet word hierby gewysig deur die bewoording in die sestiende ry van die derde kolom deur die volgende bewoording te vervang:

''**[Artikels 24F(1) en (2), 24G(3), 28(14), 30(11), 31N(1) en 34A*(a)*, *(b)*,** *(c)* **en *(d)*]** Artikel 49A.''.

Wysiging van Indeling van Artikels van Wet 107 van 1998

28. Die Indeling van Artikels van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die volgende item na item 16 in te voeg:
''16A. Omgewingsvooruitsigverslag'';

(b) deur die volgende item na item 23 in te voeg:
''23A. Hoofstroomplasing van omgewingsbestuur'';

(c) deur item 24F deur die volgende item te vervang:
''24F. Verbodsbepalings wat verband hou met die aanvang of voortsetting van gelyste aktiwiteite'';

(d) deur item 24G deur die volgende item te vervang:
''24G. Gevolge van onwettige aanvang van aktiwiteit'';

(e) deur item 30 deur die volgende item te vervang:
''30. Beheer van voorvalle'';

(f) deur die volgende item na item 30 in te voeg:
''30A. Noodsituasies'';

(g) deur die volgende item na item 39 in te voeg:
''39A. Verbod op sekere produkte''; en

(h) deur die volgende items na item 49 in te voeg:
''49A. Misdrywe
49B. Strawwe.''.

Kort titel en inwerkingtreding

29. (1) Hierdie Wet heet die Tweede Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuurswette, 2013, en al die artikels van die Wet, buiten artikels 3, 4, 5 en 14 tree in werking op die datum van publikasie van hierdie Wet deur die President by kennisgewing in die *Staatskoerant* ingevolge artikel 81 van die Grondwet.

(2) Artikels 3, 4, 5 en 14 tree in werking op 'n datum 12 maande na die datum in subartikel (1) beoog of op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal, watter een ook al die vroegste is.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998